e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

9 Julie 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 22

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensie
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Johannes Calvyn 500, 'n waardering

As lidmaat van die Hervormde Kerk is ek deel van die Bybels-Reformatoriese Beweging waarvan Johannes Calvyn die enkele invloedrykste persoon is. Die Kerkhervorming van die 16de eeu staan natuurlik op die skouers van talle voorgangers. Dit is ook Martin Luther wat op 31 Oktober 1517 die Reformasie 'n amptelike begindatum gee met sy beswaarskrif teen die aflaatstelsel.

Dit is egter Johannes Calvyn wat die kerk van die tyd tot in die diepste wese kritiseer. Hierdie kritiek, wat uitloop op 'n breuk met die kerk van Rome, word nie gelewer bloot om die kerk te kritiseer en modder te gooi na die kerkamptenare van sy tyd nie. Na diepgaande studie van die Bybel in haar grondtale, kom Calvyn onder die indruk van die dwaling van die kerk van die dag. Hy publiseer reeds op 27-jarige ouderdom die *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Hierdie grootse werk bevat Calvyn se leerstellige nadenke en sy slotsom oor die Christelike geloof in praktyk. Na sy stormagtige dienstyd as predikant in Genève, bedaar die storm rondom Calvyn met die afhandeling van die Servetsaak.

Genève word toonbeeld van reformatoriese geloofs- en kerkpraktyk. In Genève word 'n sobere leefstyl gekweek wat erns maak met die vraag na die wil van God. Om aan God gehoorsaam te wees en uit die Bybel te leef, word vooropgestel. Hierdie geloofsgemeenskap hoor dat Jesus Christus, die Seun van God, vir hul sondes sterf en dat God uit genade alleen mense sy kinders maak.

Die invloed wat van Calvyn en Genève kom, reik tot hier by ons plaaslik, 500 jaar later. Die manier waarop ons die kerk bestuur deur die ampte, die erediensinrigting, Nagmaal- en Doopppraktyk, is alles na aanleiding van Calvyn se hervorming van die kerk. Hy het in sy leeftyd 'n uitleg van of kommentaar op elke boek van die Bybel geskryf. 'n Monumentale prestasie! In dié kommentare sien ons hoe mense van Calvyn se tyd gedink en geglo het. Die teologie is in die loop van 500 jaar verruim deur vele ontdekkings en kritiese navorsing. Dink byvoorbeeld aan die vrou se plek in die Hervormde Kerk vandag. In die wêreld van die Kerkhervormers sou so iets ondenkbaar wees. Maar dit is juis daardie gees van krities lees, krities navors en hervorm wanneer Bybelse navorsing daarvoor vra, wat eg Calvinisties is.

Dit is juis die nalatenskap van Calvyn dat die Skrif as enigste bron die kerk kan en moet dwing tot vernuwing. Hierdie vernuwing geskied nie omdat mense so dink of so wil nie, maar omdat 'n beroep op die Skrif en navorsingsresultate oor die Skrif die kerk daartoe oproep.

Calvyn self wou nie verheerlik word nie en is op sy aandrang in 'n ongemerkte graf begrawe. Daar was egter verheerliking wat uitgeloop het op die Calvinisme. Daaroor sou ons boekdele kon skryf en ure lank debatteer. Kritiek teen Calvyn moet in ag neem dat hy 'n kind van sy tyd was en dat hy net kon handel en skryf volgens die inligting en navorsing tot sy beskikking. Sy *Institusie* is nie verhef tot goddelike boek nie. Hy was self ook nie slaafs gebind aan belydenisskrifte nie. Die enigste bron van gesag is God, en dan soos verwoord in die Bybel. In navolging van Calvyn is ons belydende kerk en nie Belydeniskerk nie.

Met dankbaarheid noem ek myself 'n Calvinis. Ek sal in geen ander geloofstradisie so kan tuiskom nie: altyd besig om te hervorm, altyd besig om krities navraag te doen, maar altyd tot eer van God. In die eerste en die laaste plek.

Ds Johan Holtzhausen, Orkney

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Dit gaan baie beter met **ds Fanie Swanepoel**, emerituspredikant, wat in die hospitaal opgeneem was met ’n bloedklont in die been. Hy sterk tans tuis aan.

- **Mev Frieda van Wyk**, eggenote van dr Daan van Wyk (sr), was die afgelope tyd ernstig siek en is in hospitale op Warmbad en Pretoria behandel. Dr en mev Van Wyk het onlangs teruggekeer van Bloemfontein af waar hulle vir drie maande in Gemeente Bloemfontein-Wes gewerk het.

- **Mev Alida Gothan**, eggenote van ds Herman Gothan van Heilbron, het redelik goed herstel nadat kanker ongeveer twee jaar gelede by haar gediagnoseer is. Die kanker het egter weer hervat en na haar lewer versprei. Voorbidding word vir die gesin gevra.

- **Ds Kotie Mc Donald** en haar gesin is verlede Vrydag vroegaand deur gewapende rowers in hul huis oorval. Hulle is met vuurwapens aangehou en beroof. Hulle het redelik van die skok herstel en vra dat mense versigtiger moet wees. Rowers slaan veral in stedelike gebiede tussen 18:00 en 21:00 toe omdat baie mense dan nog nie hul deure gesluit het nie. Onlangs is ds Gert Macdonald van Nelspruit se vrou en kinders ook deur gewapende rowers aangeval terwyl hy op die Sondagaand met die erediens besig was.

- **Ouderling Ben Appelgryn** van Gemeente Premiermyn is die afgelope week oorlede na sy verbete stryd teen kanker. Hy is bekend in kerklike kringe en het vir twee termyne in die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gedien. Hy is Donderdag 9 Julie om 10:00 begrawe te Kleinfontein waar hy gewoon het, en daarna is die roudiens vanuit die kerkgebou van Premiermyn gehou deur dr Johan Otto.

- **Mnr Stoffel de Vos**, jarelange ouderling van die gemeentes Trichardtsfontein en later Eendracht, is verlede week oorlede. Hy was bekend in die kerklike kringe van die Oos-Transvaal en het vir jare ook in die Ringskommissie van Trichardtsfontein gedien. Toe daar weer begin is met die bediening in Zambië, het hy die bakkie geskenk wat deur ds Riaan Botha gebruik is. Dr Jan de Vos, ortopeed by die Pretoria-Oos Hospitaal, is mnr De Vos se seun.

Dr Paul de Beer

Prof Bieks Beukes

- **Dr Paul de Beer** is tans brugpredikant van Gemeente Olifantsfontein nadat ds Andorette Greyling van die standplaas losgemaak is. Ds Greyling se aansoek om mediese ongeskiktheid word tans deur die versekeraars oorweeg. Dr De Beer neem Sondae die eredienste by Midstream waar, terwyl ds Theuns Botha die eredienste by Olifantsfontein waarneem. Dr De Beer doen in albei die gedeeltes huisbesoek. Sy dienstyd is drie maande.

- **Prof Bieks Beukes** is tans brugpredikant in Durban-Suid nadat die standplaas geruime tyd vakant is. Hy sal net vir drie maande die werk doen, en in dié tyd sal die gemeente ’n predikant beroep.

Ds Frikkie Viljoen

Dr Frans Boshoff

- **Ds Frikkie Vijoen** van Verwoerdburg en ’n lidmaat van sy gemeente besoek oor die naweek van 10 tot 12 Julie die lidmate in Bulawayo. Ds Viljoen sal huisbesoek doen en die erediens Sondag waarneem. Ds Viljoen het die lidmate voorheen besoek en daar is groot waardering vir sy besondere pastoraat en prediking.

- **Dr Frans Boshoff**, predikant van Ermelo-Suid, en drie van sy lidmate besoek oor die naweek van 10 tot 12 Julie die lidmate in Harare en die Laeveld. Dr Boshoff sal die verskillende eredienste lei en waar moontlik by lidmate huisbesoek doen. Dr Boshoff was langer as sewe jaar predikant van die destydse Umtali-kombinasie in Zimbabwe.

- Dr Fanie Pretorius wys gemeentes daarop dat die spens (stoorkamer) vir kruideniersware vir die **lidmate in Zimbabwe** nou weer by die Kerkkantoor ingerig is. Die spens is tans besonder leeg, en gemeentes is welkom om bydraes te maak. Kosvoorrade en geld vir die maandelikse projek kom uit die gemeentes van die Kerk.

- **Gemeente Laeveld** bedank graag almal vir hul ondersteuning met die **jagkompetisie**. Die wenners is: in die eerste plek Johan le Roux van Pretoria, in die tweede plek Pieter Pretorius van Ogies, en in die derde plek Tarryn Kennedy van Polokwane.

- **Die volgende predikante verjaar van 10 tot 17 Julie,** en word hartlik geluk gewens:

o	Vrydag 10 Julie:	Dr Daan van Wyk (jr)
o	Saterdag 11 Julie:	Ds Theuns Botha (van Ottosdal)
o	Sondag 12 Julie:	Prof Jimmie Loader, di Anna-Marie Kloppers en Lewis Strauss
o	Maandag 13 Julie:	Ds Johan (Jakkals) van Rensburg
o	Donderdag 16 Julie:	Di Ronel Eckard, Jimmy Manders, Jan Rossouw en Piet van Wyk
o	Vrydag 17 Julie:	Di Johan Greyling en Hannes van der Merwe

- **Ringskribas** word daaraan herinner dat ringsverslae een maand na afloop van die ringsvergadering by die kantoor van die Sekretaris van die Kommissie van die AKV ingehandig moet wees. Verskeie ringskribas is agterstallig met die werk. Almal se samewerking is nodig.

- Verskeie memorandums van die **Raad vir Pastoraat en Presbiteraat** is na ouderlingevergaderings en predikante gestuur vir kommentaar. Daar is ’n spertyd gestel vir die inhandiging van die kommentaar, en dit is daarom belangrik dat predikante en ouderlingevergaderings so gou moontlik aan die werkstukke aandag moet gee. Kommentaar moet na die sekretaris van die Raad, ds Heloïse Herbst, gestuur word.

- Daar is tans nog 170 gemeentes se inligting vir **2010 se *Almanak*** uitstaande. Die inligting word reeds verwerk en moet op die laatste teen 30 Augustus afgehandel wees. Gemeentes word dus dringend versoek om die inligting deur te gee aan mev Karen Breedt by faksnommers 012 320 3279 of 086 635 7788.

- **Gemeente Vaalpark** het ’n **vakature vir ’n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beampte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948. of per e-pos na **vaalpark@nhk.co.za**. Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391 of stuur ’n faks na 086 636 1037.

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied ’n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwildtuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**.

- Die ring van Bronkhorstspruit bied ’n **Diakenstoerustingskursus** aan op **Saterdag 1 Augustus** by Gemeente Delmas. Kontak Marlene Greeff by **mgreeff@nhk.co.za** of 083 487 1339, 013 656 1621 (werk) of 013 692 7361 (huis) voor 16 Julie.

****

Basaars en ander fondinsamelings

- **Gemeente Roedtan** bied ’n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of **redinex@mweb.co.za**.

- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buiteklub. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.

- Die **to care foundation** bied op **Donderdag 30 Julie** die **to care Winter Classic gholftoernooi** by die Akasia Buiteklub aan. Skakel Linda by 012 322 8885 x205 vir meer inligting.

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** bied op **Vrydag 14 Augustus** ’n **biltongete en dans** aan. Die koste is R100 per volwassene en R50 per kind onder 12 jaar. Kontak Veronica Blake by 082 969 1302, Petro Coetzee by 083 400 3250 (na ure 018 468 7070), of ds Stephan Botha by 018 462 9437.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Vrydag 14 Augustus** ’n vertoning van die *Ses Snare* in die Rustenburgse Burgersentrum aan. Gaste sit aan om ’n tafel (12 gaste per tafel). ’n Volle tafel óf individuele kaartjies kan bespreek word, en gaste kan hul eie versnaperinge saambring of ’n bord kos met nagereg koop teen R50 per persoon. Bespreek by Amanda Bouwer by 014 533 0297 of 014 592 9984 (ná 13:00) of by 082 796 8828. Kaartjies kos R150 per persoon. Daar sal ook ’n kinderoppasdiens (onder volwasse toesig) wees in ’n ander lokaal by die Burgersentrum. Die kinders kry iets te ete, word besiggehou en kan daar slaap wanneer hulle moegraak. Bespreek ook by Amanda teen R40 per kind.

- **Gemeente Erasmia** reël ’n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Donderdag 20 Augustus** ’n **gholfdag** aan waarvan die volle wins ten bate van liefdadigheid sal wees. R12 000 gaan na Huis Prinsloo DPS-huis in Rustenburg, en die res van die geld na die Tuine-Uitreikprojek.

- Op **Saterdag 22 Augustus** tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview ten bate van **Gemeente Primrose-Oos se Saadjieprojek**. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794.

- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Op **Woensdag 9 September** bied hulle ’n **formele ete** met kunstenaar Gerhard Steyn aan in Springs se Burgersentrum. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan ’n **Gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

ANDER NUUS

- **Die Moderamen** het die afgelope week in ’n buitegewone vergadering byeengekom. ’n Aantal dringende gesprekke met predikante moes onder meer gevoer word. Die Kommissie van die AKV kom op **Donderdag 23 Julie** vir sy vierde buitengewone vegadering vanjaar byeen.

- Op Woensdag 8 Julie om 14:00 is ’n **nuwe ooreenkoms** oor teologiese opleiding tussen die Universiteit van Pretoria en die NHKA en die NG Kerk onderteken. Die derde kerk wat hulle studente aan UP oplei, die *Uniting Presbyterian Church in Southern Africa*, was ook by die verrigtinge verteenwoordig, al was hulle nog nie gereed om hulle kontrak met die universiteit te finaliseer en te onderteken nie. Prof Chris de Beer het namens UP opgetree, prof Theuns Dreyer namens die NHKA, en prof Julian Müller namens die NG Kerk. Die *Uniting Presbyterian Church in Southern Africa* is verteenwoordig deur dr Eddie Germiquet. Al die woordvoerders het hul verbintenis tot die sukses van die ooreenkoms bevestig. Dosente van die Fakulteit Teologie, die voorsitter van die Kuratorium (dr Johan Otto) en die Administrateur (mnr Kobus Viljoen) en ander belangstellendes was by die geleentheid teenwoordig. Die bestaande ooreenkoms tussen UP en die NHKA word in die nuwe kontrak met enkele wysigings voortgesit. Die posteverdeling bly soos dit is, met 5 dosente van ons Kerk en 10 van die NG Kerk en 1 van die Presbiteriane. Die hoof van die HTK kry sitting in die Algemene Dosenteraad. Die aanwysing van die Dekaan word ’n oop aanstelling sonder noodwendige koppeling aan die kerklike vennote. Daar is nie meer ’n termyn gekoppel aan die kontrak nie, maar slegs ’n opskortingsklousule vir beide partye met ’n drie jaar kennisgewingperiode.

- Die Kommissie van die AKV is tans besig met reëlings vir ’n gesprek met die ***Uniting Presbyterian Church in Southern Africa*** om nouer ekumeniese bande te sluit. Korrespondensie tussen die twee Kerke is reeds aan die gang.

- Studente van die Kerk wat graag in 2010 koshuisinwoning by **Voortrekkertehuis** wil hê, kan nou reeds aansoek doen. Al die nodige inligting en aansoekvorms is na predikante van die Kerk gestuur met die versoek om dit in die gemeente bekend te maak en voornemende studente te help met die aansoeke.

****

Vakature

Die **Barmhartigheidsdiens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika** het ’n vakature vir ’n **Rekenkundige Beampte** in die Rekenmeester se kantoor. Die doel is om –

- die Rekenmeester se opdrag te verlig;
- die Rekenmeester se kantoor te vaartbelyn;
- prosedurehandleidings op te stel; en
- take van die Rekenmeester oor te neem.

Die vereistes is die volgende:

- Minstens Graad 12 met Rekeningkunde as vak.
- Minstens 4 jaar ervaring van rekenkundige werk.
- Administratiewe vaardighede.
- Rekenaarvaardighede – Pastel en MS Office (meestal Excel).
- Selfgedrewe.
- Bereidwilligheid om opgelei te word.

’n Mededingende salaris en byvoordele sal onderhandel word.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2009. Stuur u CV aan mnr Piet Beukes, Mannekragbestuurder, per e-pos na **piet@nhk.co.za** of per faks na 086 630 5150. Skakel hom by 012 322 8885 x251 vir meer inligting.

KOMMENTAAR

Ek wil net baie dankie sê vir die lekker kontak met nog ’n Hervormer in Dubai, Rethie Ahrens. As ek Dubai toe gaan vir die Sewes-rugby, gaan ek haar ontmoet. Soos wat julle die reën sien aankom, so sien ons hier in die woestyn die sand en stof aankom. Ongelooflik!

Wilma Jacobs

In die *e-Hervormer* van 28 Mei en *Die Hervormer* van Junie het u gemeentes genooi om te laat weet wat in gemeentes gebeur ten opsigte van mannebediening.

Vir die afgelope 4 jaar het ons hier in Gemeente Phalaborwa ’n bediening wat fokus op die manne. Ons kom elke Vrydagoggend van 05:30 tot 06:00 by die kerk saam om koffie te drink en oor ons rol as mans, pa’s, broodwinners en priesters in die huis na te dink. Die tyd is beperk aangesien die meeste mans vroeg begin werk. Ons bespreek gewoonlik ’n aktuele tema of temas nadat ons saam uit die Bybel gelees het. Ons sluit dan af met gebed. Die *Mannekoffiekroeg* (soos dit in die gemeente bekendstaan) word deur 10 tot 18 manne op ’n keer bygewoon.

Een keer per jaar gaan ons ook *in die bos* slaap. Dit is gewoonlik op ’n Vrydagaand op ’n wildsplaas; daar word nie gedrink nie maar om die hardekoolvuur geloofsake gepraat. Die manne maak hul harte oop, deel wat nodig is, leer by mekaar en vind heling by God. Een van die hoogtepunte is Bybelstudie die Saterdagoggend op ’n uitkykpunt as die son opkom.

Hierdie geleenthede is vir ons mans kosbaar. Dit is ook vir ons gesinne kosbaar, omdat die mans as die priesters van die huis opnuut weer bewus raak van wat God van ons verwag.

Onlangs was ons groep ook betrokke by die herstelwerk aan die kruis wat op ’n koppie by Phalaborwa staan, en in 2008 was die meeste lede van die groep deel van die gemeente se besoek aan Zimbabwe.

Ds Martin van Rensburg, Phalaborwa

Lesers kan per SMS kommentaar lewer
oor die inhoud van *Die Hervormer* of die *e-Hervormer*,
of kan ’n standpunt stel.
Stuur u SMS teen die normale tarief na 071 229 8903.

ADVERTENSIE

Wil u graag ’n paar rand maak vir u gemeente, jeug of bejaardes? Miskien wil u net ’n opbouende aand reël vir die hele gemeente, maar u weet nie hoe nie. Kontak Fanie vir ’n vertoning of vir ’n lekker geestelike saamsingaand. Dit is baie bekostigbaar maar tog professioneel. Kontak Fanie by 073 167 1183 vir besprekings en verdere navrae.

Ons vier die Koninkryktyd

Die tyd ná Drie-eenheidsondag (die eerste Sondag na die Pinksterfees) staan wêreldwyd as die Sondae van Pinkster bekend, maar word ook die tyd van die Koninkryk genoem. Die groei en uitbou van God se Koninkryk tot en met Christus se wederkoms kry dan aandag, en groen word gebruik om die groei en lewe te simboliseer.

Die Hervormer en *Konteks* wy die Augustus- en September-uitgawes normaalweg ook tematies aan Koninkryktyd. Die Augustus 2009-uitgawe van albei publikasies is nou by die drukkers, en spog elkeen met ’n besondere groen omslag.

In *Die Hervormer* skryf prof Johan Buitendag oor die wyse waarop evolusie ons verstaan van die mens se vermoë om kennis te bekom, beïnvloed het. Dr Wouter van Wyk voer gesprek met prof Alex Antonites, wat verlede jaar as professor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria afgetree het en so pas ’n boek oor evolusie voltooi het. Die res van die uitgawe fokus op die besondere werk wat ons afgetrede predikante en akademici nog in die Kerk verrig.

Konteks konsentreer op die temas van groei, volharding en martelaarskap. Dit sluit aan by die gebeure van Bartolomeusnag. Prof Schalk Botha verduidelik dat die Kerk kragtens die Kerkorde onderneem het om die geloofsvoorbeeld van al die martelare oor die eeue heen en nie maar net van die Hugenote nie, te gedenk. Dr Elsabé Kloppers vertel van vroue wat ook deur die eeue vervolg is. Ds Thinus van Staden kom tot die gevolgtrekking dat die lewe van ’n dissipel veel meer is as lippediens, godsdienstigheid of die verrigting van indrukwekkende geestelike werke. Al hierdie dinge het slegs betekenis as ons woorde en dade gesetel is in ’n dieper lojaliteit teenoor die hemelse koninkryk wat daarop uitloop dat ons die wil doen van ons Hemelvader.

*** Teken in op *Die Hervormer* teen R70 vir 11 uitgawes en *Konteks* teen R110 vir 10 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl van SENTIK by 012 322 8885 x232 of **sentik@nhk.co.za**. U kan ook enkeluitgawes bestel.



Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse